Dear Producer

For your convenience, the Afrikaans version follows the English information.

Herewith the last Meatco e-news for 2008. Your next e-news will be sent on Wednesday, 21 January 2009.

In this week's news:

1. Producer prices
2. Sharp fall in hide prices
3. Documentation accompanying off-loading trucks
4. DVS still searching for buffalo
5. Important Meatco dates in 2009

Producer prices

Meatco's producer prices for the week 10 to 16 November 2008 as compared with the Red Meat Abattoir Association (RMAA) of South Africa:

Grade	Meatco price (230 kg)	Grade	RMAA (RSA)
A2	N$25.24*	A2	R22.07
AB2	N$24.44*	AB2	R20.98
B2	N$24.24*	B2	R19.82
C2	N$23.14*	C2	R19.10

***excluding the additional N$1.00/kg**

South Africa:
Due to the weak economic conditions, the expected price increases are not realising. Consumers remain under pressure, which also contributes to the lower prices.

Namibia:
Producer prices are expected to move sideward. The low hide prices have already been calculated into prices over the past few weeks. Meanwhile, with the Windhoek factory closed for the festive season, slaughtering at the Okahandja factory is continuing full steam ahead. Producers are reminded that Meatco's off season premium will reach its high next month at an additional N$1,50 per kg.

Meatco will subsidize the transport costs of those producers who usually slaughter at Windhoek and who will now have to transport their animals to Okahandja for slaughtering during this temporary shutdown period.

Sharp fall in hide prices

The prices of hides recently fell dramatically with green hides (fresh) trading at a mere N$2.56 per kg in comparison with N$6.74 only a few weeks ago.
This was mainly caused by the price of wet blue hides in Europe and Asia falling with a staggering 62% and it is expected that the prices will decrease with a further 20% in December 2008.
The effect of this price decrease ads to approximately N$135.00 per head of cattle, depending on the weight of the animal.
With the worldwide weakening of the economic condition during the past couple of months, consumers' buying power not only weakened, but they are spending money on consumables rather than luxury products such as vehicles, furniture and clothing.
Earlier this year, indications were that a price decrease could be expected, however since Meatco deprives its prices on that of the Red Meat Abattoir Association of South Africa (RMAA) and this institution only recently amended its prices in line with international trends, it appears that hide prices sunk like a rock overnight.
This is a typical case of supply and demand, rather than a dying market. The supply is there, but the demand for the product fell sharply.
Depending on when the global economy recovers, better prices are not anticipated until at least May 2009.

Documentation accompanying off-loading trucks

It is imperative that every truck load of cattle is accompanied by the following documents (completed, signed and stamped where necessary):

- A competency certificate for the motor truck from Veterinary Services (this is valid for one year and although not to be submitted, it must accompany the truck at all times and be presented when asked for it).
- A wash certificate for the motor truck (valid for eight days, the day of issue counting as day one).
- Original veterinary movement permit, fully completed and signed (Veterinary Services do not accept photo copies or documents that have been faxed);
- A completed and signed sales advice. Please remember that you must indicate whether or not the cattle being off-loaded are free range animals to qualify for the free range premium.
- Fanmeat departure form, fully completed with ear tag numbers and signed.
- The transporter's original invoice in case Meatco has to compensate the load fees (no photocopies or faxed documents will be accepted).

DVS still searching for buffalo in Gam area

The New Era newspaper today reported that the Directorate of Veterinary Services (DVS) is still looking for the rouge buffalo that seem to have entered Namibia from Botswana recently.

Buffalo's are carriers of Foot and Mouth Disease (FMD) and last week the DVS temporarily banned the movement of livestock in a number of areas in the Omaheke and Otjozondjupa regions following the discovery of a hole along the Nambia/Botswana border fence, through which a buffalo entered the area.

The areas affected included Eiseb, Gam, Otjombinde, Otjinene, Epukiro, Otjituo, Okakarara, Okamatapti and Okondjatu.

The areas will remain under restriction until all goats, sheep and cattle have been inspected to ensure there is no FMD in these areas.

The DVS is now considering to rent a helicopter to facilitate the search for the buffalo. It is believed that farmers might have already killed the buffalo and that they are scared to inform the authorities for fear of the consequences. However, the DVS has appealed to the communities in the areas to come forward with information, as finding the buffalo dead or alive is of paramount importance.

Important Meatco dates 2009

Farmer Liaison Committee Meetings for 2009
Tuesday, 24 February at Grootfontein
Wednesday, 25 February at Okahandja
Thursday, 26 February in Windhoek
Tuesday, 23 June at Tsumeb
Wednesday, 24 June at Otjiwarongo
Thursday, 25 June at Gobabis
Tuesday, 20 October at Otavi
Wednesday, 21 October at Okahandja
Thursday, 22 October in Windhoek

Annual General Meeting
Friday, 5 June 2009

National Braai Competition at Okahandja
24 & 25 April 2009

Producer Awards
Friday, 30 October 2009

Meatco herewith wishes you a Merry Christmas and a Prosperous 2009!

Geagte Produsent

Hiermee u laaste e-nuusbrief vir 2008. U volgende e-nuus sal op Woensdag, 21 January 2009 gestuur word.

In hierdie week se nuus:

1. Produsentepryse

2. Skerp daling in huidpryse
3. Dokumentasie wat beesvragte moet vergesel
4. Veeartseny steeds opsoek na buffel
5. Belangrike Meatco-datums vir 2009

Produsentepryse

Meatco se produsentepryse vir die week 10 tot 16 November 2008 soos vergelyk met dié van die Rooivleis Abattoirvereniging (RVAV) van Suid Afrika:

Graad	Meatcoprys (230 kg)	Graad	RMAA (RSA)
A2	N$25.24*	A2	R22.07
AB2	N$24.44*	AB2	R20.98
B2	N$24.24*	B2	R19.82
C2	N$23.14*	C2	R19.10

***sluit die addisionele N$1.00/kg uit**

Suid-Afrika:
As gevolg van die swak ekonomiese toestande is die verwagte prysstygings nie besig om te realiseer nie. Verbruikers is steeds onder druk en dit dra by tot produsente pryse wat nie styg nie.

Namibië:
Plaaslik is die verwagting dat pryse sywaarts sal beweeg. Die dalende huidpryse is reeds in die afgelope paar weke se pryse ingereken.

Met die Windhoek-aanleg wat gesluit het vir die Kersseisoen, gaan verslagtings op Okahandja volstroom voort. Produsente word daaraan herinner dat Meatco se afseisoenpremie in Januarie sy hoogte bereik op ‘n addisionele N$1,50/kg.

Meatco sal die vervoerkostes tussen Windhoek en Okahandja subsideer van produsente wat gedurende hierdie tydperk hul diere verby Windhoek na Okahandja moet vervoer.

Skerp daling in huidpryse

Huidpryse het onlangs dramaties afgeneem met groenhuide (pas-afgeslagte huide) wat nou ‘n skamele N$2.56 per kg behaal teenoor N$6.74 enkele weke gelede.
Dit is as gevolg van “Wet Blue”-huidpryse wat in die Europese en Asiese markte met sowat 62% gedaal het en die verwagting is dat dit teen Desember met ‘n verdere 20% kan val. Die effek van hierdie prysdaling beloop sowat N$135.00 per bees, afhangende van die gewig van die bees.

Met die wêreldwye verswakking in die ekonomiese klimaat oor die afgelope paar maande het verbruikers se koopkrag nie net afgeneem nie, maar geld word eerder op verbruiksgoedere spandeer as op luukse artikels soos byvoorbeeld meubels, voertuie en klerasie.
Tekens dat 'n prysdaling op pad was kon vroeër vanjaar opgemerk word, maar omrede Meatco sy pryse op die Rooivleis Abattoirvereniging van Suid-Afrika (RVAV) baseer en dié instansie hul pryse onlangs eers in lyn met internasionale pryse aangepas het, het dit voorgekom of huidpryse oornag soos 'n klip geval het.
Hierdie is 'n tipiese geval van vraag en aanbod, eerder as 'n sterwende mark. Die aanbod is daar, maar die vraag na die produk het skerp afgeneem.
Afhangende van die herstel in die globale ekonomie, word beter pryse vir huide nie voor Mei 2009 voorsien nie.

Dokumentasie wat vragte moet vergesel

Elke vrag bees moet deur die volgende dokumente vergesel word (let wel dokumente moet volledig ingevul, geteken en gestempel wees soos nodig):

- 'n Geskiktheidsertifikaat van die Direktoraat van Veeartsenydienste (DVS) vir die vragmotor en sleepwa (geldig vir een jaar en hoewel dit nie ingehandig hoef te word nie, moet dit op versoek vertoon word).
- 'n Wassertifikaat vir die vragmotor (geldig vir agt dae met die uitreikingsdatum wat tel as dag een).
- Die oorspronklike trekpermit vanaf die DVS (geen fotostate en gefaksde dokumente word aanvaar nie).
- 'n Slagadvies. Onthou om die vry-wei-opsie te merk indien dit van toepassing is ten einde vir die vry-wei-premie in aanmerking te kom).
- 'n Fanmeat-vertrekvorm, volledig voltooi en geteken met alle oorplaatjienommers ingevul.
- Die transporteerder se oorspronklike faktuur vir ingeval Meatco die vraggeld moet verhaal (geen fotostate en gefaksde dokumente word aanvaar nie).

Veeartseny steeds opsoek na buffel in Gam-area

Die New Era-koerant het vandag rapporteer dat die Direktoraat van Veearstenydienste (DVS) steeds opsoek is na die alleenloper buffel wat Namibië onlangs vanaf Botswana binnegekom het.

Buffels is draers van Bek-en-klouseer en die DVS het daarom verlede week alle beweging van lewendehawe in die Omaheke- en Otjozondjupa kommunale gebiede tydelik opgeskort. Dit sluit in die areas van Eiseb, Gam, Otjombinde, Otjinene, Epukiro, Otjituo, Okakarara, Okamatapti en Okondjatu.

Hierdie gebiede sal gesluit bly wat die beweging van lewendehawe betref tot alle skaap, bokke en bees geïnspekteer is om te verseker daar is geen bek-en-klouseer in hierdie gebiede nie.

Die DVS oorweeg om 'n helikopter te huur om die soektog na die buffel te fasiliteer. Daar word vermoed dat boere moontlik reeds die buffel vrekgemaak het, maar dat hulle nie die owerhede daarvan in kennis wil stel nie in vrees vir die nagevolge. Die DVS het die gemeenskap van die omgewing egter gemaan om

na vore te kom met enige inligting rondom die buffel, omrede die opsporing daarvan, lewend of dood, van kardinale belang is.

Belangrike Meatco-datums vir 2009

Skakelkomiteevergaderings vir 2009
Dinsdag, 24 Februarie op Grootfontein
Woensdag, 25 Februarie op Okahandja
Donderdag, 26 Februarie in Windhoek
Dinsdag, 23 Junie op Tsumeb
Woensdag, 24 Junie op Otjiwarongo
Donderdag, 25 Junie op Gobabis
Dinsdag, 20 Oktober op Otavi
Woensdag, 21 Oktober op Okahandja
Donderdag, 22 Oktober in Windhoek

Algemene Jaarvergadering
Vrydag, 5 Junie 2009

Nasionale Braaikompetisie op Okahandja
24 & 25 April 2009

Produsente-toekennings
Vrydag, 30 Oktober 2009